Prikkies uit Kerkbode

Die eerste groepe bedienaars en diensleraars het laasjaar hulle teologiese kursusse voltooi. Teoloë meen die nuwe 'bane' maak teologiese opleiding meer toeganklik. Vir lidmate kan al die nuwe benamings egter nog vreemd op die oor val. *Kerkbode* het **ds Jan Lubbe**, voorsitter van die kuratorium van die NG Kerk in die Vrystaat, gevra hoe die 'nuwe bane' vir geroepenes tot die bediening van mekaar verskil. Skakel: https://kerkbode.christians.co.za/2022/02/04/in-2030-meer-bedienaars-en-diensleraars-as-predikante/

In die middel van die Covid-19-pandemie het **Marileen Steyn** onderhoude met meer as 40 predikante, almal in die Wes-Kaap, gaan voer. Sy wou onder meer hoor wat is Korona se geskenk aan hulle en hoe 'cope' hulle? Hierdie onderhoude het sy verwerk in 'n treffende reeks woordportrette van NG predikante in 'n spesifieke tyd wat almal op *Kerkbode* se webblad te vinde is onder die rooi hofie **Reeks**. Hierdie navorsingsprojek is in samewerking met die Sinode van Wes-Kaapland gedoen. Skakel: https://kerkbode.christians.co.za/category/predikante-in-n-pandemie/ (aangeheg foto wat jy kan gebruik)

Sedert die pandemie lyk begrafnisse steeds anders - aanlyn roudienste skep afstand tussen roubeklaers. "Hoe rou ons nou?" vra Le Roux Schoeman vir dr Nicholaas Matthee, 'n navorsingsgenoot verbonde aan die Universiteit Stellenbosch (US). Matthee het navorsing gedoen oor tendense in liturgiese reaksies met die wegval van die opsie om iemand "tradisioneel" te begrawe. Skakel: https://kerkbode.christians.co.za/2022/02/07/hoe-rou-ons-nou-le-roux-schoeman-gesels-met-nicolaas-matthee/